Graad 9

Die Cape Town Holocaust & Genocide Centre bied met graagte agt (8) leseenhede aan wat die volgende Graad 9 KABV (CAPS) onderwerp dek:

Mislukking van die Weimar Republiek van Duitsland, die opkoms van Nazi-Duitsland, aanvang van die Tweede Wêreld-oorlog in Europa, die Holocaust, mense se ondervindinge en weerstand.

Eenheid 6

- Die buitelandse beleid van die Nazi's: Aanvang van die Tweede Wêreld-oorlog
- Ghetto's: Die Warsaw–ghetto Opstand

Teen die einde van die eenheid behoort die leerlinge bekend te wees met:

1. Die Nazi's se planne en redes vir oorlogvoering
2. Die gebruik van ghetto's om die Joodse gemeenskappe te skei, te isoleer en te verneder
3. Die Warsaw-ghetto opstand

Wat wou die Nazi's hê?

- Insluiting van: Sudetenland en Oostenryk
- Dominasie: Wes-Europa
- Kolonisasie: Oos-Europa – Hoekom?

Lebensraum: Lewensgebiede vir Duitsers

Judenrein: Vry van Jode

OM DIT TE BEREIK SOU OORLOGVOERING VERG

- Insluiting:

Die Nazi's wou Oostenryk onder Duitse beheer bring aangesien dit van hulle weggeneem was met die Verdrag van Versailles. Hitler wou ook al die ''etniese'' Duitsers in Sudetenland insluit by Duitsland.

- Dominasie:

Hulle wou al die lande in Wes-Europa verower en beheer, met Hitler as diktator.

- Kolonisasie:

Die Nazi's wou Oos-Europa koloniseer en sodoende meer landsgebied vir Duitse burgers inwin (Lebensraum/ Living Space). Die gebiede moes egter geen Jode bevat nie (Judenrein).

Die Nazi's het besef dat baie van die lande hierdie planne sou teenstaan en dat hulle sou moes oorlog voer om hul doel te bereik.



Die Geallieërde magte was al die lande wat teen Duitsland geveg het. Die Axis- lande het met Duitsland geveg. Die V.S.A. het eers in 1941 tot die oorlog toegetreë met die bom-aanvalle op Pearl-hawe. Brittanje het probeer om oorlog te vermy deur ‘n beleid van vrede aan te voer, aangesien die land nog steeds herbou moes word na die Eerste Wêreld-oorlog. Rusland en Duitsland het ‘n Nie-agressie Verdrag onderteken, waarmee hulle ooreengekom het om nie mekaar aan te val nie. Duitsland verbreek die verdrag met die inwyding van die Sowjet-unie in 1941.

Rusland sluit by die lande teen Duitsland aan en beïnvloed hiermee die uitkoms van die oorlog.

1 September 1939

Duitsland val Pole binne en die Tweede Wêreld-oorlog

Met die inwyding van Pole plaas die Nazi's al die Joodse gemeenskappe in ghetto's, spesiale afgebakende areas waar alle Jode geforseer was om te woon. Hulle mos hul eie wonings in elke dorp en stad agterlaat.

Die Warsaw-ghetto was die grootste ghetto in Oos-Europa. Warsaw is die hoofstad van Pole en het 'n baie groot Joodse gemeenskap gehad.

'n Muur word gebou om die Warsaw-ghetto van die res van die stad te skei

Jode word uit hul wonings geforseer en na die Kovno-ghetto verskuif

'Ek het by die venster uitgekyk en die lang waens met die patetiese hope tafels, stoele en mattrasse gesien, waartussen Jode met geel sterre op hul rug, agter mekaar in die straat geloop het.'

'n Dagboek-inskrywing van Elena Kutorgiene, 1941

Die foto's toon hoe die mure gebou word, en hoe die Joodse gemeenskap uit hul wonings gedryf was. Die dagboek- inskrywing van 'n nie-Joodse ooggetuie beskryf die optog van waens, gelaai met die besittings van die Jode, wat die geel Ster van Dawid op hul rug moes dra. Dit was, volgens wet, wat die Jode in Duitsland en al die lande wat die Nazi's beset het, moes doen.

Op die bostaande foto van die inwoners van die ghetto, geneem in Mei 1940, gaan mense oënskynlik normaalweg met hul lewens voort.. Hulle is warm aangetrek en lyk nog redelik gesond. Elkeen dra ook ‘n armband met ‘n Ster van Dawid. Hierdeur is elke Jood, volgens wet onder die Nazi’s,duidelik geïdentifiseer as Jode.

Die beeld aan die linkerkant, geneem ‘n jaar later, toon duidelik die impak van armoede en hongersnood op die inwoners van die ghetto.

Kos was skaars en as gevolg van geweldige oorbevolking was die sanitasie hopeloos onvoldoende.

Luiskoors en tifus, beide versprei deur luise, het regdeur die ghetto versprei . Duisende van die mense in die ghetto het elke maand gesterf en hierdie toedrag van sake was in al die ghetto’s gevind.

‘n Jong seun word betrap terwyl hy kos van buite die ghetto insmokkel

Joodse kinders woon klasse by in die geheim in die Warsaw-ghetto by

In die eerste beeld sien ons ‘n jong seun, betrap deur die Nazi’s terwyl hy kos prober insmokkel in die ghetto.Dar was teen hierdie tyd ‘n totale gebrek aan kos, sanitasie en vars water.Mense raak siek, hulle is uitgehonger en jong seuns wat deur gapings in die mure of deur die ondergrondse rioolpype kon gaan, het voedsel buite die ghetto in die hande probeer kry deur te steel of met waardevolle besittings te onderhandel.

Wanneer hulle deur die Nazi’s betrap was, was hulle onmiddellik doodgeskiet of deur die Nazi’s aangerand.

Die tweede foto wys hoe kinders in die geheim klasse bygewoon het, aangesien dit deur die Nazi’s verbied was. Die inwoners het die opvoeding van hul kinders as uiters belangrik beskou. Stadig maar seker het meer mense gesterf, weeskinders het mettertyd op straathoeke vir kos gebedel.

In 1943 was daar ‘n opstand in die Warsaw-ghetto.

Teen hierdie tyd het die oorblywende inwoners geweet wat met die mense gebeur het wat weggeneem was en nooit teruggekeer het nie.

Wie het dit georganiseer?

'n Groep jong mense het ingesmokkelde wapens, ammunisie en tuisgemaakte wapens gebruik om teen die Nazi's te veg. Hulle het vir drie-en-'n –half weke teen die oorweldigende mag van die Nazi's geveg



Israel(Izio) Teitelbaum 1918 – 1943 (Warsaw-ghetto vegter)

- Met die aanvang van die oorlog was Israel op universiteit.
- Hy was aangekeer en na die ghetto gestuur.
- Hy was een van die organiseerders van die opstand.
- Die aand voor die opstand het hy afskeid geneem van sy suster, Miriam.
- Hy het haar ingelig dat hy liewers vegtend sou sterf as om deur die Nazi's in 'n gaskamer vermoor te word.
- Sy suster, Miriam Lichterman, het die oorlog oorleef en woon nou in Kaapstad. Dit was die laaste keer wat sy haar broer gesien het.

Hoe was dit moontlik?

Met moed, dapperheid en vasbeslotenheid het die vegters 'n uiters moeilike keuse gemaak. Hulle het besef dat hulle tien teen een in die opstand sou sterf, maar het geweet dat die Nazi's hulle in elk geval sou vermoor.

Dit was dus beskryf as 'n ''kieslose"keuse. Baie mense het voor dieselfde keuse te staan gekom gedurende die Holocaust.

Aan die einde van enige keuse sou hulle heel moontlik hul lewens verloor.

Hulle het vir drie-en-'n-half weke teen die Duitse weermag geveg. **Uiteindelik was hulle geforseer om oor te gee toe die soldate die ghetto aan die brand gesteek het.**
13 000 inwoners is vermoor en 56 065 is gevange geneem.
7000 is onmiddellik na Treblinka gedeporteer.Die res is na arbeidskampe, insluitende Majdanek, vervoer. Van die vegters het ontsnap en by ander weerstandsgroepe in die woude rondom Warsaw aangesluit.

''Die Groot Operasie eindig op 16 Mei 1943 teen 08H15 …die Warsaw sinagoge is opgeblaas en die res van die geboue in die ghetto aan die brand steek.
Die Warsaw-ghetto bestaan nie meer nie.'' – Uittreksel van Majoor-generaal Stroop se verslag aan die einde van die operasie.

Die bogenoemde kwotasie is van die verslag van Generaal Stroop van die Duitse weermag. Hy beskryf die opstand in die ghetto as die Groot Operasie.
Die swaargewapende soldate het teen jong mense, vrouens, kinders en bejaarde mans geveg, wat baie min ammunisie en wapens gehad het. Hier sien ons hoe hulle aan die einde van die opstand oorgee, met die ghetto in vlamme in die agtergrond.

Wat gebeur op die oorlogsfront?

Duitsland en Rusland het ‘n Nie-Aanvalsverdrag onderteken. Hulle het ooreengekom dat Duitsland Pole van die weste sou binneval en die Sowjet-unie sou Pole van die ooste inwy.

Toe Duitsland egter die Sowjet-unie se gedeelte van Pole binneval, het Duitsland die ooreenkoms verbreek.

Die Sowjet-unie sluit op hierdie stadium van die oorlog by die Geallieërde magte aan.

Met die inwyding van die Sowjet-unie besluit die Nazi’s om nie meer die Jode in ghetto’s te plaas nie. Hulle beplan om al die Joodse mans, vrouens en kinders in die verowerde gebiede te vermoor.

Dit is die begin van wat die Nazi’s die ‘’Finale Oplossing van die Joodse Vraagstuk’’ noem.

22 Junie,1941

Onder die kodenaam

“Operasie Barbarossa” val **Nazi-Duitsland die Sowjet-uinie binne met die grootste Duitse militêre operasie gedurende die Tweede Wêreld-oorlog.**

Hulle besluit om nie meer die Joodse gemeenskappe in die verowerde gebiede in ghetto’s te plaas nie.

VRAE

1. Hoekom het die V.S.A. eers in 1941 tot die oorlog toegetreë?
2. Waarom het die Sowjet-unie in 1941 by die Geallieërde magte aangesluit?
3. Waarom het die Nazi's die Joodse gemeenskappe in ghetto's geplaas? Wat wou hulle hiermee bereik?
4. Waarom het die Warsaw- ghetto opstand eers in 1943 en nie vroeër, plaasgevind?
5. Hoe het die Duitse weermag uiteindelik die opstand onderdruk?
6. Wat verstaan jy onder die term: ''kieslose keuse''?

ADDISIONELE HULPBRONNE

Cape Town Holocaust & Genocide Centre:

http://ctholocaust.co.za/

Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube:
https://www.youtube.com/channel/UCwVBUs5VqvsumuwDdzYIAaQ

Yadvashem.org

https://www.yadvashem.org/yv/en/exhibitions/warsaw_ghetto_testimonies/index.asp?gclid=Cj0KCQiA4L2BBhCvARIsAO0SBdbbo2rRWCRUJJBvUQWaAOoAnoHeaP_c2ogAnShJUbF_VfC4bI-ZI2MaAq7cEALw_wcB

https://www.yadvashem.org/holocaust/about/ghettos/daily-life.html

https://www.yadvashem.org/holocaust/about/ghettos/warsaw.html

https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/ghettos

https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/life-in-the-ghettos

ushmm.org

https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/ghettos

https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/life-in-the-ghettos